NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid en Reëls vir die toekenning van Eredoktorsgrade

Verwysingsnommer	1P/1.3.1.8A
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Institusionele Registrateur
Beleideienaar	Direkteur: Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste
Verantwoordelike afdeling	Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Eerste keer goedgekeur deur die Raad op 26 Maart 2006 Eerste hersiening goedgekeur op 10 Junie 2011 Tweede hersiening goedgekeur deur die Raad op 20 November 2015
Wysigings	Ingesluit in die beleid
Datum van wysigings	2015
Hersieningsdatum	2018
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Geen – aanhangsel 1 bevat die dekblad vir die benoeming
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleidsdatabasis	RMA SHARE /NWU Home/User Homes/AMANDA VAN DER MERWE (10935746)/RMA/2. Management/2.1.3 Policy development and review/2.1.3.2 Review/Policy documents_1P/1.3.1.8A_honorary doctorate_a.docm

BELEID EN REËLS VIR DIE TOEKENNING VAN EREDOKTORSGRADE

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid en reëls vir die toekenning van eredoktorsgrade op 20 November 2015 goedgekeur ten einde 'n regverdige en deursigtige proses daar te stel waarvolgens ontvangers deur die Universiteit benoem en vereer kan word.

2 Beleidsverklaring

'n Eredoktorsgraad is een van die mees beduidende toekennings wat enige universiteit kan maak, en dit is die beleid van die Noordwes-Universiteit om 'n konsekwente en deursigtige stel riglyne te voorsien ingevolge Paragraaf 87 van die Statuut, om erkenning te gee aan uitsonderlike individue vir uitstaande prestasies.

3 Omvang van toepassing

Die Raad magtig die toekenning van 'n eredoktorsgraad ná voltooiing van 'n voorgeskrewe proses.

4 Beleid vir die benoeming en toekenning van eredoktorsgrade

4.1 'n Eredoktorsgraad kan toegeken word aan 'n persoon wat uitsonderlike verdienstelikheid getoon het en/of wat uitsonderlike bydraes gelewer het met betrekking tot enige van die volgende aangeleenthede:

4.1.1 Uitstaande akademiese verdienstelikheid in 'n dissipline wat aan die Noordwes-Universiteit aangebied word.

4.1.2 Uitsonderlike bydraes tot die visie en missie van die Universiteit.

4.1.3 Uitsonderlike bydraes tot die Suid-Afrikaanse samelewing.

4.1.4 'n Beduidende paradigmaskuif in die studierigting.

4.2 Die meriete van die ontvanger moet die Universiteit eweneens tot eers strek.

4.3 Die verbintenis tussen die ontvanger en die Universiteit moet van 'n langdurige aard wees, en die toekenning moet 'n bydrae kan lewer om sodanige noue verbintenis te bevorder.

5 Reëls vir die benoeming en toekenning van eredoktorsgrade

5.1 Eredoktorsgrade kan in uitsonderlike gevalle postuum toegeken word.

5.2 In uitsonderlike gevalle sal 'n eredoktorsgraad oorweeg word vir persone wat reeds eredoktorsgrade aan ander universiteite ontvang het, veral indien die benoemde persoon sedert die vorige toekenning 'n nuwe bydrae gemaak het wat 'n eredoktorsgraad regverdig.

5.3 Die volgende kategorieë persone kom nie in aanmerking vir eredoktorsgrade van die Noordwes-Universiteit nie:

5.3.1 Aktiewe personeellede.

5.3.2. Donateurs, in gevalle waar die indruk geskep sou kon word dat die eretoekenning gemik is op die verkryging van verdere finansiële voordeel vir die Universiteit.

5.4 Eredoktorsgrade word in die reël beperk tot een per fakulteit per jaar, en die toekenning geskied tydens verskillende kampusgradeplegtighede. In uitsonderlike omstandighede mag ’n fakulteite twee nominasies in ’n bepaalde jaar hê, gevolg deur geen nominasies in die daaropvolgende jaar. Gegewe die vereiste van uitsonderlike meriete kan daar jare verbygaan waartydens geen toekenning gemaak word nie.

5.5 In die lig van die belangrike simboliese waarde van sulke toekennings, en ter wille van die beskerming van die privaatheid en waardigheid van kandidate, moet streng vertroulikheid en behoorlike diskresie gehandhaaf word tydens die prosesse van die opstel en oorweging van enige voorstelle vir die toekenning van ’n eredoktorsgraad totdat dit finaal deur die Raad goedgekeur is.

5.6 Die finale besluit en aanspreeklikheid met betrekking tot die toekenning van eredoktorsgrade berus by die Raad.

6 Prosedures vir die benoeming en toekenning van eredoktorsgrade ingevolge Artikel 87 van die NWU-statuut[1]

6.1 Die volgende prosedure doen ’n proses aan die hand waarvolgens ’n voorstel ontwikkel kan word ten einde gevolg te gee aan Artikel 87(1) van die NWU-statuut wat bepaal dat ’n voorstel vir die toekenning van ’n eredoktorsgraad skriftelik aan die Visekanselier voorgelê word deur ’n lid van die Raad of Senaat, voor of op ’n datum soos deur die Raad bepaal op aanbeveling van die Senaat:

6.1.1 Met inagname van die mengsel van fakulteite van die Noordwes-Universiteit staan dit enige lid van die universiteitsgemeenskap vry om ’n nominasie vir ’n kandidaat by die betrokke fakulteitsraad of uitvoerende komitee van die fakulteit in te dien. Verwante fakulteite of dissiplines van verskillende kampusse moet oorleg pleeg oor nominasies ten einde te verseker dat verskillende groepe dissiplines van jaar tot jaar geleentheid kry om nominasies te maak.

6.1.2 Nominasies moet vergesel word van ’n motivering [ongeveer twee bladsye lank, waarin aangetoon word hoe die benoemde aan die kriteria vir ’n eredoktorsgraad voldoen].

6.1.3 Die fakulteitsraad of fakulteit se uitvoerende komitee beraadslaag oor die benoeming en neem ’n besluit oor die geskiktheid al dan nie van die benoeming. Die kantoor van die uitvoerende dekaan sien toe dat die benoeming direk aangestuur word na die toepaslike kampusbestuurskomitee, wat ná deeglike oorweging en kampusaanbeveling toesien dat die benoeming aangestuur word na die kantoor van die institusionele registrateur, via die kantoor van die kampusregistrateur. Die Institusionele Registrateur plaas dan sodanige benoeming op die sakelys van die vergadering van die keuringskomitee, d.w.s. die Eretoekenningskomitee van die Raad.

6.4 Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die volgende persone:

6.4.1. Die visekanselier, wat die voorsitter van die komitee is (in die afwesigheid van die visekanselier tree die adjunkhoof as voorsitter op);

6.4.2 Die voorsitter van die Raad;

6.4.3 Twee lede van die Raad;

6.4.4 Drie lede van die Senaat, aangewys deur die Senaat;

6.4.5 Die dekaan van fakulteite van wie benoemings ontvang is, in ’n adviserende hoedanigheid.

6.4.6 Bo en behalwe die lede van die keuringskomitee kan spesialiste op die betrokke gebiede, na gelang van die benoemings wat by ’n bepaalde komiteevergadering ontvang is, gekoöpteer word. Die aanbeveling word gemaak dat, vir elke geval, die institusionele registrateur deur die betrokke dekaan ingelig moet word waar die benoeming sy oorsprong het, of onafhanklike spesialiste van die betrokke vakgebied betrek behoort te word om insette te lewer in die benoeming wat deur die keuringskomitee oorweeg moet word.

6.5 Die lede van die Eretoekenningskomitee mag self ook kandidate benoem, maar moet hulself onttrek wanneer hul genomineerdes deur die keuringskomitee bespreek word.

6.6 Waar daar enige twyfel bestaan, moet die Eretoekenningskomitee eerder te streng wees as om té toegeeflik te wees met die keuring van ’n kandidaat vir ’n eredoktorsgraad.

6.7 As die Eretoekenningskomitee tevrede is dat die voorgestelde kandidaat/kandidate beslis aan die kriteria voldoen, word ’n aanbeveling van die naam/name van die kandidaat/kandidate, saam met die

[1] Vind aangeheg die dekblad vir die indiening van ’n benoeming vir ’n Eredoktorsgraad, hierby aangeheg as Aanhangsel 1.

nodige motiverings, aan die Senaat gemaak vir oorweging. Hierdie dokumentasie word ingesluit in die sakelys van die Senaatsvergadering.

Die lede van die Senaat beraadslaag nie oor die meriete van die aanbevelings nie, maar kan vrae stel ter verduideliking van die voorstel voordat die aangeleentheid by wyse van geheime stemming beslis word. Hierdie prosedure geskied *in camera*.

Die aanbeveling moet goedgekeur word deur ŉ meerderheid van die lede van die Senaat.

6.8 Ná afhandeling van die proses maak die Senaat ŉ aanbeveling aan die Raad oor die gekose kandidate.

6.9 Die lede van die Raad beraadslaag nie oor die meriete van die aanbevelings nie, maar kan vrae stel ter verduideliking van die voorstel voordat die aangeleentheid by wyse van geheime stemming beslis word. Hierdie prosedure geskied *in camera*.

Die aanbeveling moet goedgekeur word deur ŉ meerderheid van die lede van die Raad.

6.10 Na finale goedkeuring deur die Raad stel die institusionele registrateur die ontvangers sowel as die onderskeie kampusbestuurskomitees in kennis van die Raad se besluit.

6.11s Die kantoor van die uitvoerende dekaan van die fakulteit wat die persoon vir ŉ eredoktorsgraad benoem het, in oorleg met die kantoor van die betrokke kampusregistrateur, begin dan met ŉ proses om die nodige logistieke reëlings te behartig met die oog op toekenning van die eregraad tydens ŉ kampusgradeplegtigheid.

Aanhangsel 1

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

DEKBLAD VAN 'N BENOEMING VIR DIE TOEKENNING VAN 'N EREDOKTORSGRAAD[2]

1.	Naam en kontakbesonderhede van die kandidaat wat vir 'n Eredoktorsgraad benoem word Naam: _____ Telefoonnommer: _____E-posadres: _____ Posadres: _____
2.	'n Twee bladsy lange CV is hierby aangeheg.
3.	Die individu het uitsonderlike verdienstelikheid getoon en/of het uitsonderlike bydraes gelewer met betrekking tot die volgende aangeleenthede ooreenkomstig die NWU-beleid en -reëls vir die Toekenning van Eredoktorsgrade:
4.	Hierdie meriete sal die NWU op die volgende manier tot eer strek:
5.	Die verhouding met hierdie individu sal ná die toekenning op die volgende manier voortduur:
6.	Hierdie persoon het al 'n eredoktorsgraad van 'n ander universiteit ontvang. Ja ____ Nee____ Indien **ja**, vermeld die naam van die universiteit wat 'n eredoktorsgraad aan hierdie kandidaat toegeken het: _____
7.	Hierdie toekenning sal die eerste/tweede (*onderstreep die toepaslike term*) benoeming vir 'n Eredoktorsgraad van die volgende fakulteit vir vanjaar wees: _____
8.	Proses wat gevolg is om hierdie benoeming te finaliseer 8.1 Fakulteitsraad/uitvoerende komitee se besluit is geneem op _____ 8.2 Kampusbestuurskomitee se besluit is geneem op _____
9.	Benoeming is op die sakelys geplaas van die NWU se Eretoekenningskomitee se vergadering wat geskeduleer is vir: _____
	Name van eksterne spesialiste wat betrek sal word om eksterne advies te gee: 1._____ 2._____

Original details: (10935746) P:\Beleide\Raad November 2015\1P-1.3.1.8A_Honorary Doctorates_e.docm
30 November 2015

File reference: 1P/1.3.1.8A

[2] Moet ingevul word deur die kantoor van die uitvoerende fakulteitsdekaan vanuit wie se fakulteit die benoeming gemaak is.